# HOOFSTUK 111.

## DIE EERSTE ONTWIKKELING VAN DIE KOSHUISSTELSEL.

## (Dienstermyn van dr. J. E. Adamson - tot 1923.)

### 1. Die Onderwyswet van 1907.[1]

In die eerste volksraadsverkiesing wat in Februarie 1907 gehou is, nadat aan Transvaal Verantwoordelike Bestuur toegeken is, het die „Het Volk-party" aan bewind gekom met 37 Volksraadslede teenoor die 32 van die ander partye saam.[2] Generaal Louis Botha het die leisels in hande geneem met genl. J. C. Smuts as koloniale sekretaris. Een van die eerste sake waaraan aandag bestee is, was onderwys en in die „Smutswet" van 1907 is die beginsels neergelê wat die basis gevorm het van alle latere onderwyswetgewing.

Hierdie wet het in werking getree op 1 Oktober 1907 en het verreikende gevolge gehad. Die C.N.O.-skole is geleidelik ingeskakel onder die onderwysdepartement omdat die gevoel ontstaan het dat hulle binne die perke van die wet hulle ideale in die skole verwesenlik sou sien.[3] Ons noem hier slegs die artikels wat meer spesifiek betrekking gehad het op die ontwikkeling van die koshuisstelsel en die daarstelling van beurse.

Artikel 5: Die Minister kan van tyd tot tyd koshuise en onderwyserswonings wat aan skole, klasse en inrigtings verbonde is, soos in hoofstukke 111, 1V en V omskrywe (laer- en middelbare skole) oprig, repareer of subsidies toeken vir die oprigting of reparasie daarvan.

Artikel 19 (i): Dit sal die plig van die ouer van elke blanke kind wat sy sewende, maar nog nie sy veertiende jaar voltooi het nie wees, om daarvoor

1) Wet No. 25 van 1907.
2) Walker, A History of South Africa, 519.
3) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 157.

te sorg dat sodanige kind gereeld 'n skool besoek.

(ii) In geval enige sodanige kind meer as drie myl, langs die kortste pad, van 'n skool af woon, sal die skoolraad bepaal of die ouer finansieel in staat is om die nodige maatreëls te tref dat die kind 'n skool kan besoek, hetsy deur vervoermiddels of kos en inwoning. Indien nie, sal hulle bepaal tot watter mate hulp verleen sal word, sodat ouers nie van hierdie verpligting onthef sal wees nie - die departement kan selfs gratis geleentheid vir kos en inwoning verskaf.

Artikel 62: 'n Skoolraad sal ooreenkomstig die regulasies alle geld wat aan daardie raad toegewys word vir die doeleindes van beurse beheer.

Artikel 90 (i) (c): Die Minister kan van tyd tot tyd regulasies wat nie in stryd met die bepalings van hierdie wet is nie, maak, verander, en herroep, of die voorwaardes van toekenning of intrekking van enige beurs wat in terme van hierdie wet toegeken is, voorskryf.

2. Beursregulasies 1909.[1)]

In 1909 het die Minister van die mag van Artikel 90 (i) (c) van Wet 25 gebruik gemaak en beursregulasies opgestel waarvolgens toekennings vir die verskillende soorte van skole gemaak kon word.

In die eerste afdeling, wat die algemene beginsels neerlê, word bepaal dat voorsiening gemaak sal word vir 'n beperkte aantal skoliere van Transvaal om die opvoeding te kry wat hulle nodig het deur gebruik te maak van beurse. Aan behoeftige laerskoolleerlinge of middelbare skoolleerlinge wat definitief voordeel daaruit sal trek, sal voorkeur gegee word. Wan-

1) Pamflet in Transvaal Ond. Dept. Biblioteek.

neer fondse beperk is, kan deur middel van 'n eksamen bepaal word na die voltooiing van laerskoolonderwys aan wie beurse toegeken sal word. Die Direkteur sal beslis watter skool 'n leerling aan wie 'n beurs vir middelbare onderwys toegeken is moet besoek. Wangedrag of swak vordering kan so 'n leerling sy/haar beurs laat verloor.

Afdeling 11 van die regulasies bepaal meer spesifiek die toekennings aan skole onder Seksie 16 en 23 van dié wet, dit wil sê laerskole en laerskole met middelbare afdelings, uitgesonderd Skedule-111-skole. (Laasgenoemde skole is deur proklamasie in die staatskoerant as sodanig verklaar.) Die beurse word toegeken om leerlinge te help om verpligte onderwys te ontvang. Vir losies sou dit alleen van toepassing wees op leerlinge wat verder as drie myl van die skool af woon en van wie die huislike omstandighede sodanig is dat, volgens die mening van die skoolraad, dit onmoontlik is om die skool sonder hulp te besoek. So 'n beurs kon die hele bedrag of 'n gedeelte daarvan dek, maar sal nie 'n sjieling per skooldag oorskry nie. In buitengewone gevalle - dit word eers later gespesifiseer[1] - sal beurse toegeken word afgesien van die afstand van die skool of huislike omstandighede. Applikasie om beurse moet op vasgestelde vorms deur bemiddeling van die hoof of skoolkommissie na die skoolraad gestuur word en uitbetalings word aan die einde van elke kwartaal gemaak as die eise vergesel is van 'n opgawe van skoolbesoek deur die hoof.

Afdeling 111 handel oor middelbare skole, Skedule-111-skole ingesluit, en bepaal dat 'n beperkte aantal losiesbeurse jaarliks beskikbaar

1) Adm. Ken. No. 44 van 1916 en 719 van 1936.

gestel sal word aan hoërskole waaraan 'n kosinrigting verbonde is. Die skole wat al dadelik hiervoor in aanmerking gekom het, was die Eendrachtskool te Pretoria, „Johannesburg College for Boys," „Potchefstroom College for Boys," „Potchefstroom Secondary School for Girls," „Pretoria College for Boys," en „Pretoria High School for Girls."[1] Sulke beursleerlinge moes in koshuise inwoon, (tensy die Direkteur anders bepaal), moes verder as drie myl van die skool af gewoon het sonder bevredigende vervoer, en by toekenning moes die ouers onderneem om hul kinders die kursus te laat voltooi, anders moes die beurs terugbetaal word. Beurse word jaarliks hernu op aanbeveling van die hoof en kon nie van een hoërskool na 'n ander oorgeplaas word nie. In spesiale verdienstelike gevalle kan 'n volle losiesbeurs deur die Minister toegeken word.

Na die totstandkoming van die Unie is slegs geringe wysiginge in hierdie regulasies aangebring. So is die magte van die Minister oorgedra aan die Administrateur van die provinsie.[2]

3. Skoolrade werk in die rigting van sentralisasie:

Direkteur J. E. Adamson het vanaf sy ampsaanvaarding in 1905 daarna gestrewe om eenmanskole teen te werk en daar is voorkeur gegee aan groter skole waar beter onderwysfsiliteite aangebied kon word.[3] Aan die einde van 1908 verklaar hy dan ook dat meeste van die skoolrade, wat nou reeds ses maande in werking is, hierdie rigting propageer omdat hulle die voordele daarvan besef; hulle probeer ouers oortuig van die dwaasheid van die kortsigtige beleid om klein skooltjies op te rig.

1) Bot, Honderd jaar ond. in Tvl., 75.
2) Suid-Afrika Wet.
3) Dir. Verslag 1908, 13.

Op 'n konferensie van verteenwoordigers van skoolrade[1] in 1908 is die beginsel van sentralisasie dan ook aanvaar, by watter geleentheid daar ook aan die hand gedoen is dat die oprigting en instandhouding van koshuise in verband met sentrale skole nie in die hande van plaaslike komitees gelaat sal word en dat die Onderwysdepartement steun sal verleen deur toelaes vir elke loseerder te betaal en huurgeld vir die geboue te betaal.

In die daaropvolgende jaar[2] is die belangrikheid van verdere stappe in verband met sentralisasie beklemtoon; in plattelandse distrikte kan dit bevorder word deur die oprigting van groter plattelandse skole met koshuise daaraan verbonde. Ook moet die basis van jaarlikse toewysings aan rade sodanig gewysig word dat die getal van die skoolbevolking, ekonomiese toestand van die betrokke distrik, uitgestrektheid en digtheid van bevolking in berekening gebring word.

Die vordering van die koshuisstelsel was egter maar langsaam en die beleid van sentralisasie was nie oral gewild nie. In die noordelike inspeksiekring het die komitee vir sentralisasie aanbeveel dat daar slegs een skool binne 'n straal van 25 myl moet wees en dat hierdie sentrale inrigtings 'n klein boerdery daarop moet nahou sodat hulle uiteindelik selfonderhoudend kan word.[3] In die oos-sentrale kring word in 'n koshuisstelsel egter nie die beste middel gesien om sentralisasie suksesvol deur te voer nie, tensy baie geld beskikbaar is. By elke magistraatssentrum is 'n losiesinrigting egter wenslik, maar dan moet dit deur die regering gekontroleer word.

1) Notule van Konferensie van Skoolrade 1908.
2) Tweede Skoolraadskonferensie Notule 1909.
3) Dir. Verslag 1908, insp. H. P. Mills, 58.

Deur middel van 'n toelatingseksamen behoort alle leerlinge bo standard VI in die geleentheid gestel te word om hier 'n beurs te verwerf.[1] Die neiging tot eenmanskole is nog baie sterk in die suid-westelike kring aangetref,[2] terwyl die amalgamasie van die C.N.O.-skole konsentrasie in die weste baie aangehelp het.[3]

Hoewel daar in die daaropvolgende jaar £16,000 bestee is aan losies- en vervoerbeurse om 3100 laerskoolleerlinge beter onderwysgeleenthede te gee, benewens £4500 vir hoërskoolbeurse, kon opvoeding in die buitedistrikte nie veel van 'n werklikheid word as van die kant van die ouers nie meer opoffering gemaak word nie.[4] Die gevoel vir sentralisasie het wel bestaan maar daar is nog te min aan gedoen. „Het is niet louter armoede en gebrek aan beurzen en tehuizen, doch helaas! ook onwetendheid en onverschilligheid, die beide een in 't oogvallende rol speelen in ons onderwijsdrama."[5]

Aan die einde van 1910[6] is daar weer eens op gewys dat die rigting van die onderwyskrag middelpuntsoekend is. Meer as 3500 uit 'n totaal van 18,376 kinders op die buiteskole word vervoer of kry losies. Skoolrade het hier egter 'n ondankbare taak, want die aanvraag om ondersteuning was gewoonlik groter as die beskikbare fondse. Dan moet daar besluit word tussen vervoer- en losiesbeurse. Eersgenoemde is vir diegene wat buite die ses-myl-grens van die skool af woon egter prakties byna onmoontlik. Alles in ag geneem het die rade hulle egter bevredigend van hul taak gekwyt. 'n Aantal koshuise is gedurende dié jaar

---

1) Dir. Verslag 1908, insp. T. G. Ligertwoord, 70.
2) Ibid, insp. J. H. Corbett, 78.
3) Ibid, insp. M. White, 84.
4) Dir. Verslag 1909: Verslag van Direkteur, 15 - 16.
5) Ibid: insp. N. Hofmeyer, 78.
6) Direkteurs Verslag 1910, 33.

opgerig en hierin het inspekteur J. P. Botha[1] die kragdadigste metode van sentralisasie gesien.

Die gedagte aan die „Public School"-idee weeg nog baie swaar waar daar gerapporteer word oor die hoërskole op die platteland. Vormende invloed van 'n skool is noodsaaklikerwys groter op kosgangers dan op dagskoliere; die swaartepunt sal in die toekoms by buitehoërskole op die kosgangers val. Adamson verklaar verder:[2]

„De punten van gehechtheid, de groeiende en ontwikkelende punten, zijn zoveel talrijker, en de toon of vormgewende atmosfeer van de school word zoveel makkelijker in 't leven geroepen; en met de inwonende staf, zoals die is, is de atmosfeer gezond in die beste en volste zin van 't woord. De kostleerlingen moeten indirek een zeer groot opvoedkundig voordeel trekken uit het louter feit te verblijven in zulk een ordelike omgewing. Inwonende staf is van veel belang voor de ontwikkeling van de school, vooral voor een school die waarschijnlik op de lange weg een meerderheid van kostleerlingen zal bevatten. Doel kan duideliker en meer algemeen verwezenlijkt, en middele kunnen meer krachtdadig verwesenlijkt worden, wanneer het merendeel van 't personeel zamen woont; bovendien kunnen de individuele behoeften van verschillende leerlinge meer in 't biezonder in aanmerking komen dan in geval van de gehele staf na schooltijd sich verspreidt."

Hier vind ons vir die eerste keer 'n uiteensetting van die vormende invloed wat die inwonende personeel op die leerlinge het, asook die waarde van die inwoning vir die personeellede self.

Gedurende die jaar 1911 is daar 'n ernstige poging aangewend om meer sentrale skole in die lewe te roep ten koste van die eenmanskool, maar sonder veel sukses. Hoewel van owerheidsweë meer as ooit tevore in die rigting gewerk is, is daar nog steeds min entoesiasme van die ouers se kant ondervind. Dit word aan verskeie oorsake toegeskryf. In die eerste plek is dit vir die ouer 'n groot opoffering om die kind 5 dae van die week van die huis te laat

---

1) Dir. Verslag 1910, 123.
2) Ibid, 182.

gaan, veral waar hulle nog nie die volle waarde daarvan kan insien nie.[1] Ouers moet nog leer om opofferinge te maak terwille van hulle kinders. Vervoermoeilikhede lewer 'n verdere probleem, veral as die keuse van die plek vir die sentrale skool en koshuis nie aan die vereistes beantwoord nie. Dit veroorsaak dan ook dwarstrekkery en jaloesie onder die ouers. Sommige van hulle reken dat hulle benadeel word ten gunste van ander. As gevolg hiervan bestaan daar inrigtings vir 'n honderd kosgangers waar slegs 35 ingeskryf is.[2] Noord-Transvaal, wat moontlik die skraalste bevolk was, het veral min samewerking aan die dag gelê. Van die 50 bestaande skole was op daardie stadium nog 38 eenmanskole[3] en in die buitedistrikte het daar nog 'n groot behoefte aan koshuise bestaan, terwyl die koshuise op die dorp min ondersteuning geniet het omdat die koste verbonde aan losiesgeld en klere heelwat hoër was as by die buitekoshuise. Verpligte skoolbesoek vir leerlinge buite die drie-myl-grens kon gevolglik nog nie deurgaans toegepas word nie. Daar het ook nog so 'n groot behoefte aan onderwyserswonings bestaan dat dit voorrang moes geniet op die bou-program.

Skoolrade was nog die mening toegedaan[4] dat meer pogings aangewend moes word om onderwys te sentraliseer, en met die oog hierop is spesiale beurse aan leerlinge wat in koshuise woon van owerheidsweë beskikbaar gestel. Verder word daar 'n kommissie wat uit verteenwoordigers op dié konferensie met die Direkteur as voorsitter gekies is, opgedra om aanbevelings in verband met beurse te ondersoek en

1) Dir. Verslag 1913: Rapport oor sentralisasie, 9 - 13.
2) Ibid: insp. Corbett, Suid-wes-Transvaal, 202.
3) Ibid: insp. H. P. Mills, Noord-Transvaal, 231.
4) Derde Skoolraadskonferensie Notule, 1911.

op die volgende konferensie oor die volgende te rapporteer:

Skole op die platteland waar middelbare onderwys gegee word, moet meer geldelike ondersteuning ontvang, hetsy deur verhoogde losiesbeurse of beter vervoermiddele. Teenswoordige toewysing vir beurse aan buiteskole (een sjieling per skooldag) is ontoereikend en moet tot twee sjielings verhoog word. Privaat losiesbeurse moet gekanselleer word; hierdeur kan groter toekennings gemaak word aan leerlinge as hulle in goewermentskoshuise op dorpe inwoon. As beursleerlinge in 'n koshuis siek word, moet die geld betaalbaar wees en aan leerlinge met een of ander liggaamlike gebrek, moet beurse gegee word al bly hulle nie buite die drie-myl-grens nie.

Op 'n vierde konferensie[1] word verder aangevra om meer geldelike steun aan skoolrade vir die oprigting en instandhouding van koshuise.

4. <u>Reaksie van die owerheid op die versoeke van die skoolrade</u>.

Daar word besef dat skoolrade baie daartoe bygedra het om die sentralisasiebeleid tot so 'n groot mate van sukses deur te voer.[2] Meeste van die provinsiale skole met middelbare afdelings het reeds 'n soort koshuis vir vérafwonende leerlinge gehad, terwyl die koshuisstelsel by sentrale skole aanmerklik gevorder het. Die algemene opinie van die inspekteurs van onderwys[3] was egter dat sentralisasie nou ver genoeg gevorder het en dat die entoesiasme afgeneem het omdat die moeilikhede wat daar nog bestaan het onoorkomelik was. Van die 652 bestaande skole was nog slegs 199 eenmanskole. Buiteskole se bestaan

1) Vierde Skoolraadskonferensie Notule, 1912.
2) Dir. Verslag 1912, 73 - 74.
3) Dir. Verslag 1912: Insp. Verslae oor sentralisasie, 200.

hang dikwels van die koshuis af. Daar was toe ongeveer vyfduisend leerlinge aan sentrale skole verbonde, waaraan ongeveer 'n kwart losies verskaf is, en in die meeste van die plattelandse dorpe was koshuise. Verdere regulasies en 'n deeglike ondersoek na die stelsel het hoogs noodsaaklik geword.

a. Raad van Onderwys.[1)]

Hierdie raad is gerekonstitueer onder Ordonnansie 7 van 1912 en het in die daaropvolgende jaar 'n verslag voortgebring oor die buiteskole in Transvaal met spesiale verwysing na beurs- en koshuisaangeleenthede. Die raad se bevinding was dat die ouer so veel as moontlik die verantwoordelikheid vir sy kind moet bly dra. Ook moet die koshuiskomitees gewillig wees om sedelike sowel as finansiële verantwoordelikheid vir die inrigtings onder hulle sorg te aanvaar. Aansoeke om subsidies vir die salaris van huisvaders of matrones is nog deurgaans van die hand gewys. Dit kom voor of die algemene landsomstandighede verbeter het sodat beurse ook verminder kan word, hoewel daar altyd behoeftige ouers sal wees wat hul finansiële verpligtinge nie sal kan nakom nie.

Die voordele van verblyf in koshuise is ongetwyfeld groot. Leerlinge kom onder direkte toesig van die onderwyser vir 'n veel langer tydperk. Oor hulle privaat-studie kan toesig gehou word en hulle is meer onder die invloed van dissipline. Verder word die saamhorigheidsgevoel en gevolglik die sedelike invloed van die skool as 'n eenheid baie sterker as daar 'n kern van loseerders is. (Kom baie ooreen met die Direkteur se verslag oor hoërskole in 1910.) Daarop moet egter sover moontlik aangedring word dat onderwysers in die koshuise inwoon. Die alternatiewe keuse is 'n man en vrou wat verantwoordelikheid kan

1) Eerste Verslag van die Raad van Onderwys, 1913.

dra as huisvader en matrone. Dit is onnodig om die belangrikheid van sedelike toesig te beklemtoon, veral waar die twee geslagte in een inrigting gehuisves word. Slaapkamers moet in so 'n geval heeltemal van mekaar geskei wees.

Die volgende tabel gee 'n duidelike beeld van waar die meeste finansiële hulp verleen moes word:

Tabel 11.[1]

Hulpverlening binne en buite die 3-myl-grens.

| | Buite 3-myl-straal. | Binne 3-myl-s |
|---|---|---|
| Totale aantal leerlinge | 16822 | 51942 |
| Nie op skool nie | - 5868 | - 1758 |
| Op skool | 10954 | 50184 |
| Sonder hulp | - 4241 | - 49968 |
| Met hulp | 6713 | 216 |

Die hulp wat verleen is, het losies sowel as vervoer ingesluit, en hierdie uitgawe was noodsaaklik om aan plaaskinders gelyke opvoedkundige fasiliteite te bied soos aan die stedelike- en dorpskinders.

b. Voorsiening van meubels en uitrusting aan koshuise.

Van verskeie kante is daarop aangedring dat aan koshuise wat bestuur is op verantwoordelikheid van plaaslike komitees of liggame, finansiële hulp aangebied moes word met die aankoop van uitrusting. In die beginstadium was daar gewoonlik geen kapitaal beskikbaar nie en het baie komitees dit moeilik gevind om leerlinge behoorlik te huisves.

„Regulations governing grants in aids towards the furnishing and equipping of boarding houses attached to schools established and maintained under section 16 and 23 of the Education Act of 1907, Schedule 111 schools excluded"[2], is in werking gestel om hier, behoudens die volgende voorwaardes,

1) Eerste Verslag van die Raad van Onderwys, 1913.
2) Adm. Ken. No. 470 van 1913.

verligting te bring:

(i) Die skoolraad moes aan die Departement die versekering gee dat so 'n inrigting met 'n minimum van twaalf kosgangers geopen sou word en dat 'n plaaslike komitee die finansiële verantwoordelikheid sou dra.

(ii) Tot en met die eerste twaalf kosgangers sal die subsidie £10 per leerling bedra en daarbo £7 - 10s.

(iii) Hierdie subsidie is alleen geldig vir aanvangsuitrusting, terwyl komitees nog vir vervanging verantwoordelik sal wees.

5. Kerkkoshuise.

Nadat die C.N.O.-skole met kosinrigtings daaraan verbonde, opgehou het om te bestaan, is sommige van die koshuise deur die kerk oorgeneem. Op ander plekke weer het die kerk die inisiatief geneem met die oprigting van koshuise op die plattelandse dorpe om aan die kinders wat andersins privaat sou moes loseer, huisvesting te verskaf onder behoorlike toesig en volgens Christelike beginsels. Om die ontstaan en die funksionering van hierdie tipe van koshuis behoorlik te begryp, is dit nodig om ten minste een spesifieke geval meer in besonder te behandel. Vir die doel word die kerkkoshuise van Ermelo geneem. Uit die notules van die kommissie wat met sake belas was,[1] is dit moontlik om die verloop van sake saam te stel.

Die kommissie bestaande uit ds. P. Nel, en menere A. Smuts, B. J. Kleynhans, W. H. Bührmann, J. O. H. Sluiter, C. G. Joubert en C. R. Louw is deur

1) Notules van die „Kommissie belast met de bestuur van de Jongens en Meisjes Kosthuizen te Ermelo" - te vind in die Kerk-argief van die N. H. of G. Kerk van Ermelo.

die kerkraad in Desember 1908 aangestel. Reeds op hulle eerste vergadering[1] is die moontlikheid bespreek om fondse vir uitbreiding by Uitkomst, die vroeëre C.N.O.-inrigting, en by die ou pastorie, wat as seunskoshuis sou dien, te verkry van die Sinodale Fonds. Verder sou daar by die distriksbestuur van „Het Volk" aangeklop word om 'n lening uit die fonds wat gekollekteer is vir die afhanklikes van die gesneuweldes in die Anglo-Boere-Oorlog, om 'n aanvang te maak met die oprigting van 'n seuns- en 'n meisieskoshuis, terwyl 'n verband op die kerkeiendomme as sekuriteit sou dien. Daar was blykbaar geen reaksie hierop nie en versoeke is toe aan die regering gerig. Al tegemoetkoming wat van owerheidsweë gekom het, was die belofte dat daar 'n huurkontrak vir tenminste nege jaar aangegaan sou word. Die huurgeld sou gebaseer wees op sewe persent van die grondwaarde en ses persent van die waarde van die geboue.[2]

Addisionele akkommodasie was egter dringend nodig en daar moes met die bank gereël word vir oortrekkings. Met die geld wat op die wyse verkry is, kon daar geleidelik uitgebrei word. In 1911 is 'n tender vir £2656 aangeneem vir aanbousels by Hugenote (die seunskoshuis)[3] en later in die jaar is daar £2000 bestee aan uitbreiding by Uitkomst (die meisieskoshuis).[4] Nog steeds het die aanvraag om losies die aanbod oortref en tydelike voorsiening moes gemaak word deur private woonhuise by te huur. So is daar aan die begin van 1917 twee wonings vir hierdie doel in gebruik geneem waarvan die huurgeld deur die

---

1) Notules van kerklike kommissie, gedateer 14/12/1908.
2) Ibid, ged. 23/5/1910.
3) Ibid, ged. 25/2/1911.
4) Ibid, ged. 27/10/1911.

Administrasie betaal is.[1]

Die kommissie het in die onbenydenswaardige posisie verkeer dat hulle as verteenwoordigers van die kerk in die eerste plek verantwoording verskuldig was aan die gemeente vir enige groot laste wat hulle sou aangaan, maar aan die ander kant moes hulle ook eers goedkeuring van die provinsiale sekretaris verkry voordat hulle handelend kon optree. So is daar op 'n vergadering[2] gerapporteer dat, aangesien die Nasionale Bank 'n oortrekking van £25,000 toegestaan het, daar besluit is om verbeterings ten bedrae van £6183 by die meisieskoshuis aan te bring. Aangesien dit egter 'n groter bedrag is as wat die provinsiale sekretaris toegelaat het, sou daar eers weer met hom onderhandel moes word. Die oprigting van 'n jongenstehuis teen 'n koste van £10,414, waarin veral leerlinge van die hoërskool gehuisves sou word, is goedgekeur en met die werk sou voortgegaan word.

Dit was egter nie al sake wat die kommissie se aandag in beslag geneem het nie. Van die onderwysers (esse) is gebruik om in die koshuis in te woon en toe sig te hou oor die kosgangers, en met die skoolhoof, wat dikwels uitgenooi is om vergaderings by te woon, is 'n noue kontak bewaar.[3] Alle aanstellings aan en toelatings tot die koshuis is deur die kommissie gedoen. Toe 'n Joodse meisie aansoek gedoen het om toegelaat te word tot die koshuis, het die kommissie besluit dat dit 'n saak van beginsel is, en alvorens finaal hieroor te besluit, is dit voor 'n gemeentevergadering gelê vir goed- of afkeuring.[4] By 'n ander geleentheid was dit nodig om die musiekonderwyseres te ontslaan omdat sy 'n Russeliet was en die

1) Notules van Kommissie, ged. 26/2/1917.
2) Ibid, 3/5/1918. 3) Ibid, 23/10/1909.
4) Ibid, 2/3/1914.

leerlinge verkeerdelik beïnvloed het deur haar gesprekke.[1)]

Daar is later ook dames in die kommissie deur die kerkraad aangestel. Aan hulle is opgedra om af en toe die huishoudelike afdelings van die koshuise na te gaan en dan verslag aan die kommissie te doen. Onder andere het hulle aanbeveel dat daar gereelde kontrole oor linne en ander uitrusting moet wees en dat huishoudsters nie self straf aan kosgangers mag toedien nie, maar die leerlinge by die huisvader of matrone moet rapporteer.[2)]

Van die Departement se tegemoetkoming om meubels aan koshuise te verskaf[3)] is met dank kennis geneem. Die voorsitter het dan ook 'n persoonlike onderhoud met die Direkteur oor die aangeleentheid gehad[4)] en van tyd tot tyd is die uitrusting op die wyse aangevul, wanneer daar addisionele akkommodasie in die koshuise beskikbaar gestel is. So is daar gedurende die jare 1913 - 1921 'n bedrag van £4475 deur die administrasie aan hierdie koshuise uitbetaal vir meubels en toebehore.[5)]

Hierdie kommissie was nooit op winsbejag uit nie. Nadat die Jongenstehuis aan die einde van 1909 'n bedryfswins van £93 getoon het en 'n soortgelyke posisie die volgende jaar gehandhaaf kon word, is besluit om twee vry beurse aan te bied aan leerlinge met die oog op die stigting van die hoërskool.[6)] Vir groter gesinne is daar 'n spesiale korting toegestaan en op versoek van die S.A. Vrouefederasie[7)] is 'n vermindering van losies aan sekere leerlinge toegestaan.

In 1914 is die losiesgeld verminder van £9

1) Notules van Kommissie, 16/11/1917.
2) Ibid, 1/5/1920. 3) Adm. Ken. No. 470/1913.
4) Notules, 31/3/1913.
5) Brief: Kantoor van die Adm. aan Saakgelastigde, 30/11/7
6) Notules, 30/8/1911 7) Ibid, 27/10/ 1911.

na £7 - 10s. per kwartaal met 'n verdere afslag van tien sjielings aan weeklikse kosgangers. As beursleerlinge nie in staat was om die addisionele geld te betaal nie, is die beursgeld as voldoende betaling beskou. As fondse beskikbaar was, is die terrein verfraai en is daar selfs besluit om tennisbane aan te lê, as die Departement nie self daarvoor voorsiening kon maak by die hoërskool nie.[1]

Dit was egter nie alleen te Ermelo waar hierdie kerkkoshuise opgerig is nie. Veral vir die huisvesting van laerskoolleerlinge het hierdie inrigtings wat deur kerklike ondernemings en inisiatief ontstaan het, geblyk die enigste suksesvolle middel te wees, soos ook dié van die Verenigde Kerk te Heidelberg getoon het.[2] Alleen op dorpe is hierdie koshuise opgerig. Die kerke was nie geneë om voorsiening te maak in dergelike behoeftes vir buiteskole nie. Dat die ouers hierdie groot diens aan onderwys hoog gewaardeer het, ly geen twyfel nie. Die volgende byskrif op 'n foto in die sitkamer van die Meisieskool, „Euodia", te Bethal, Transvaal getuig hiervan.[3]

„Wil ons hê dat ons opkomende geslag moet wees wat ons van hulle verlang, dan moet ons skoolgaande jeugd in die geest van ons volk onderrig word. Veral wanneer ons seuns en dogters uit die ouderlike woning moet gaan om elders onderwijs te ontvang, is dit noodsakelik dat daar degelik toesig gehou moet word oor hulle. Voornamelik geld dit van ons meisiekinders. En omdat Euodia in ieder opsig aan hierdie eise voldoen, is dit nou 'n inrigting naar mijn hart. Euodia is die vrug van ons wakkere Herder en Leraar, Ds. Liebenberg. Die inrigting is tot stand gebreng deur en onder direkte toesig van die Kerk. Dit sê oneindig veel."

---

1) Notules van kerklike kommissie, 4/3/1922.
2) Dir. Verslag 1915: insp. rapport van N. Hofmeyer, 130.
3) Die Brandwag, ged. 1 Julie 1913.

6. Koshuise die enigste middel om van sentralisasie 'n sukses te maak; die stelsel van ondersteunde inrigtings openbaar nog sekere gebreke.

Daar is nog steeds doelbewuste pogings aangewend om die eenmanskool so ver moontlik uit te wis en groter skole tot stand te bring. Aan die einde van 1913 kon die Direkteur rapporteer dat skole met inskrywings tussen 71 en 100 leerlinge met 126 persent vermeerder het en wel van 26 na 59.[1] Ekonomiese toestande was die oorsaak dat die posisie van koshuise in verskillende dele van Transvaal baie uiteenlopend van aard was. In die suid-westelike kring[2] word die koshuis beskou as die vernaamste faktor in die opheffing van die plattelandse kind, maar dan moes die term „koshuis" nie vertolk word as 'n paleisagtige gebou wat teen 'n hoë koste van die staat opgerig is nie. Hoe meer so 'n gebou ooreenkom met die huis van waar die gemiddelde plattelandse kind kom, hoe groter sou die opvoedkundige waarde daarvan wees. En as hierdie sentrale skole eers die regte koshuise en skooltuine het, sou die probleem van plattelandse onderwys opgelos wees. Ook in die suid-oostelike kring word die redding gesien in die feit dat die finansiële posisie van boere hulle in staat stel om vir hulle kinders se verblyf in die dorpskole te betaal. In die ontwikkeling van koshuise wat aan die dorpskole van Volksrust en Standerton verbonde is (Ermelo het reeds goeie fasiliteite gehad), word die belangrikste middel hoe om die onderwysstandaard in daardie omgewings te verhoog, gesien.[3]

In teenstelling hiermee sou koshuise nie

1) Dir. Verslag 1913, 5.
2) Ibid, insp. J. H. Corbett, 86.
3) Ibid, insp. M. White, 147.

in die westelike sektor die probleem van sentrale skole oplos nie.[1] 'n Groot deel van die bevolking was onwillig om hulle kinders van die huis af weg te stuur, grotendeels as gevolg van finansiële oorwegings, en as dit soms nog gedoen is, was daar so baie - gewoonlik grondelose - klagtes dat dit maar moeilik was om so 'n inrigting in die buitedistrikte in stand te hou. As gevolg van die feit dat niemand in besonder in sekere koshuise belang gestel het nie - en dit is tog die persoonlike belang wat die dryfkrag in enige saak vorm - was dit tot mislukking gedoem.

Laat ons weereens verskuif na die suid-oostlike afdeling en wel na Lake Chrissie waar 'n C.N.O.-skooltjie met 17 leerlinge in 1905 tot stand gekom het.[2] In twee sinkkamertjies is 'n aantal leerlinge tydelik gehuisves. As gevolg van 'n petisie van die ouers van die omgewing, heg die Administrateur in 1914 sy goedkeuring aan die oprigting van 'n koshuis met provinsiale geld. Oorspronklik was die gebou beplan vir 22 kosgangers, maar as gevolg van latere uitbreidings bied dit vandag akkommodasie aan 59 leerlinge. Na voltooiing is die gebou oorhandig aan die skoolkomitee om die bestuur en beheer daarvan op eie koste te behartig. Die uitrusting was maar taamlik primitief: paraffienkassies moes diens doen as klerekaste en die ouers het self vir die beddegoed gesorg. Later is 'n spesiale komitee gekies om toesig te hou oor koshuissake; die hoof van die skool het in die komitee sitting gehad en hy en sy gade het by geleenthede opgetree as huisvader en matrone.

Nadat klasgeld vir die hoërskole in 1914 afge-

1) Dir. Verslag 1913: insp. T. C. Stoffberg, 130.
2) Uittreksels uit die Skooljoernaal van Lake Chrissie-skool.

skaf is, is besluit om die maksimum beurse in regeringskoshuise te verminder van £35 na £30 en in private koshuise van £20 na £15.[1] As antwoord op die vraag waarom daar so 'n groot verskil tussen die twee soorte koshuise in verband met beurstoekennings gemaak is, word gemeld dat regeringskoshuise baie duurder is - 'n gemiddeld van £40 - £60 per jaar, terwyl die losies by die ander selde die £36 kerf oorskry het. Ongelukkig word die redes vir hierdie verskynsel nie verstrek nie. Dit was seker hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat regeringskoshuise vir hoërskole meestal in stedelike gebiede geleë was. Dat koshuise egter 'n baie belangrike rol begin speel het in dié ontwikkeling, spreek uit die volgende brief van 'n inspekteur aan die Direkteur van Onderwys.[2]

„'n Hoërskool in 'n dorp sonder geskikte losieshuise vir die opneming van leerlinge van die omliggende distrikte het 'n kwynende bestaan en is vroeër of later tot ondergang gedoem, waarvan sy meer begunstigde mededingers die oorsaak is. In sommige gevalle het plaaslike inisiatief van een of ander aard voorsiening gemaak, en selfs milde en ruime voorsiening, maar ek is oortuig dat dit 'n verkeerde politiek van die Provinsiale Administrasie is om uitsluitend of selfs in 'n groot mate, op die pogings van die plaaslike samelewing te reken. Uiteindelik sal dit seker nie die mees ekonomiese of doeltreffende manier blyk om in hierdie behoefte te voorsien nie; tweevoudige beheer is opvoedkundig nie wenslik nie. Dit is na die prinsipaal en die personeel van die skool dat 'n mens natuurlik kyk as die bekwaamste en mees aangewese persone om die lewe van die leerlinge op dagskool en koshuise te kontroleer; so kan die opvoedkundige invloed van die twee in verband met mekaar gebring word.

As enige liggaam om godsdienstige, ekonomiese of ander menslike redes, dit wenslik ag om die voorsiening van die Goewerment aan te vul, sal die skool en samelewing groot voordeel daaruit trek. Die Provinsiale Administrasie moet egter die kern verstrek en die skoolpersoneel verantwoordelik stel vir koshuis-beheer - dit moet as die prinsipaal se plig en voorreg beskou word. Ook kan die personeel dan voordeel trek, wat nie moontlik is wanneer private liggame, wat op winsbejag uit is, die bestuur in hande het nie."

1) Dir. Verslag 1914, 8 - 11.
2) Brief van dr. N. M. Hoogenhout aan die Dir. van Ond., 2/12/1920.

Soortgelyke pleidooie om sentrale koshuise, wat opgerig en in stand gehou word deur die owerheid en wat onder behoorlike kontrole geplaas is, sal onderwys by sentrale skole aanhelp, en deur hulle gesonde invloed, sowel binne as buite die skool, sal hulle ten volle vergoed vir die addisionele koste daaraan verbonde.[1] Selfs vir laerskole sou dit 'n stap in die regte rigting wees. Volgens inspekteur P. M. van der Lingen[2] was eenmanskole noodsaaklik tot en met standerd twee, want dié kindertjies mag nie van hulle ouerhuise af weggeneem word nie. By die sentrale skoolkoshuise moet die skoolhoof ook hoof van die koshuis wees met 'n inwonende personeel om hom behulpsaam te wees. Op die wyse word aan die personeellede ook 'n behoorlike verblyfplek verskaf; hulle leer die kinders beter ken en verstaan, en die kind leer hulle ook ken as mens in die alledaagse lewe, en waardeer hulle derhalwe meer. Dit sal dan die plek wees waar natuurstudie tot sy reg kom; 'n plek wat allesins bereken is om die skoonheidsgevoel van die kinders te laat ontwikkel; waar mens op jou gemak aansit en waar daar geen hongertekens in die oë van die leerlinge te lees is nie en waar alles 'n ordelike en behoorlike loop van sake neem. En ja-die esel sou skitter deur sy afwesigheid.

Wat was dan verkeerd dat daar op meer direkte staatsbeheer aangedring word? Dit is slegs nodig om 'n paar voorbeelde aan te haal om op die gebreke te wys wat voorgekom het in inrigtings onder die beheer van plaaslike komitees (nie kerke nie). Dit is onmoontlik om van een persoon - die matrone in die meeste gevalle - te verwag om alle huishoudelike pligte waar te neem en dan nog algemene toesig te

1) Dir. Verslag 1916: insp. J. L. Moerdijk, 137.
2) Dir. Verslag 1917: insp. P. M. van der Lingen, 177-179.

hou oor sestig leerlinge, bestaande uit 'n gemengde groep seuns en dogters, met ouderdomme wat wissel van twaalf tot twintig jaar. Toestande in die slaapsale van die seuns kan onder sulke omstandighede beter in die verbeelding gesien as beskryf word.[1]

Ouers het kinders na inrigtings met goedkoop losies gestuur. In sommige gevalle was die losiesgeld selfs minder as die koste wat ouers tuis gehad het om die kinders te onderhou. Hoewel dit moet erken word dat sommige komitees wondere verrig het met die fondse wat tot hulle beskikking was, was dit wenslik dat die losiesgeld verhoog moes word sodat dienste gelewer kon word min of meer op die basis van goewermentskoshuise.[2] Badfasiliteite was oor die algemeen swak. By een inrigting was daar twee wasskottels vir die onderwyser en twaalf leerlinge, terwyl aangelegde water en stortbaddens ontbreek het.[3]

Die matrone het dikwels geen vaste salaris ontvang nie, maar was afhanklik van die balans aan die einde van die kwartaal; sy was dan ook verantwoordelik vir die boekhouding, wat slegs af en toe deur die komitee nagesien is, as daar 'n tekort was. Hoe meer die matrone dus kon bespaar, hoe sekerder was sy van haar salaris.[4] Geen huishoudelike reëls of behoorlike boekhouding is hier aangetref nie. Daar het geen uniformiteit op enige gebied bestaan nie, selfs nie eers wat die kontrole van huiswerk betref nie. Die gevolg hiervan was dat daar nie die werk gelewer is wat mens onder sulke omstandighede sou verwag nie, veral waar daar niks was wat die kind verhinder het om goeie werk te lewer nie.[5]

1) Dir. Verslag 1914: insp. A. J. de Vos, 87.
2) Dir. Verslag 1916: insp. A. J. de Vos, 120.
3) Dir. Verslag 1919: insp. D. Linney, 126 - 127.
4) Dir. Verslag 1920: insp. D. Linney, 157.
5) Ibid: Verslag van insp. P. M. van der Lingen, 144.

Daar word gevoel dat die inrigting (bestuur) van koshuise waarby te veel aan private inisiatief oorgelaat is, nie bereken is vir die enigsins primitiewe opvatting van belanghebbende ouers oor sulke sake nie. Hulle behoort, veral gedurende die eerste jare, onder die besondere sorg van die regering te staan en daarna moet vaste bepalings vir die beherende liggame neergelê word, anders is botsings en wanpraktyke onvermydelik en ly die organisasie van die onderwys daardeur skade.[1) ] Verder word daar aanbeveel dat die Departement duidelike instruksies behoort uit te vaardig oor die finansiële administrasie van koshuise en kommissies behoort gesertifiseerde rekeninge vir goedkeuring te toon en indien daar tekorte mag voorkom, moet dit aan die einde van elke jaar aangesuiwer word. As sulke losieshuise nie finansieel lonend is nie, moet die losiesgeld verhoog word of die inrigtings moet sluit.[2)]

7. <u>Verslag van die Onderwyskommissie, 1920</u>.[3)]

Na 'n deeglike ondersoek het hierdie kommissie 'n verslag voortgebring, waarvan 'n deel handel oor koshuise. Inleidend word 'n uiteensetting gegee van die soorte koshuise waarby die provinsie finansieel betrokke was. Daar het drie verskillende soorte voorgekom:

a. Koshuise wat die eiendom van die provinsie is en deur die provinsie beheer word. Die prosedure hier is min of meer as volg: Nadat die Provinsiale Administrasie die geboue opgerig en gemeubileer het, is dit onder die beheer van die skoolhoof geplaas. Die boeke van die inrigting moes gereeld geouditeer word, losiesgeld is deur die Departement vasgestel en die inspekteur van onderwys sal ook 'n verslag oor die koshuise verstrek. Daar is geen finansiële verantwoordelikheid

1)Dir. Verslag 1920: insp. J. L. Moerdijk, 164.
2)Ibid: Verslag van insp. D. Linney, 157.
3)Verslag van die Ond. Kommissie, benoem volgens Adm. Ken. Nom. 416 van 21/12/1917 gepubliseer 1920.

op die hoofonderwyser of huisvader gelê nie. As daar 'n kredietbalans is, word dit deur hom bewaar en 'n gedeelte word as reserwe vir vervanging van meubels opsy gesit. Daar is gevind dat die Departement op die lange duur geen verliese by die inrigtings gely het nie. In sommige gevalle is 'n tydelike voorskot toegestaan, maar dit is later weer aan die Administrasie terugbetaal. Hierdie soort inrigting is alleen beperk tot middelbare skole.

b. Koshuise wat die eiendom van die provinsie is, maar onder plaaslike beheer geressorteer het, onder 'n komitee wat ook die finansiële verantwoordelikheid moet dra. Op Louis Trichardt, Chrissiemeer en Marabastad (naby Pietersburg) is sulke inrigtings gevind.

c. Koshuise wat die eiendom is van, en beheer word deur private liggame of inrigtinge en wat deur die provinsie gesubsideer word, soos die kerkkoshuise byvoorbeeld.

Uit die kommissie se aanbevelings kan ons aflei dat daar reeds veel gedoen en gepresteer is wat prysenswaardig is, maar dat daar terselfdertyd in baie opsigte nog leemtes in die bestaande koshuisstelsel aangetref is.

Die grootste probleem was dat daar nie plaaslike outoriteite bestaan het aan wie verantwoordelikheid opgedra kon word nie. Skoolkomitees het begin wegsmelt as finansiële druk verskyn (soos byvoorbeeld te Chrissiemeer) en dan moes die hoof maar op eie houtjie aansukkel. Dit sou nodig wees dat plaaslike komitees wetlik saamgestel en verantwoordelik gemaak word, terwyl op ander plekke aan komitees regspersoonlikheid gegee word sodat hulle geboue en grond kon besit; dan moes die skool die koshuis vul en nie die

koshuis die skool nie.

Waar geen plaaslike komitee gevind of saamgestel kon word nie, moet die Administrasie koshuise oprig en die hoof of onderwyser wat sake behartig, beloon, want dit is 'n bykomstige verantwoordelikheid vir die onderwyser. Op Ermelo, byvoorbeeld, is aan die huisvader, vry losies en inwoning (vry wasgoed ingesluit) verskaf en 'n toelae van £72 per jaar vir sy dienste betaal.

'n Minimum skaal van losiesgeld moet op aanbeveling van die skoolrade deur die Departement vasgestel word sodat daar geen wedywering tussen koshuise deur verlaging van losiesgeld sou ontstaan nie. Daar moet nie so iets as 'n volle beurs wees nie, maar dit moet ten minste tien sjielings per week wees waar ouers moeilikheid ondervind om 'n bydrae te maak, anders is die kinders na arm vriende of familiebetrekkinge gestuur - 'n praktyk wat nie aanbeveel kon word nie. Die skoolbesoek-beampte en die magistraat moet vasstel wat die betaalvermoë van die ouers is, en as hulle enigsins daartoe in staat is, moet daarop aangedring word dat ouers hulle bydrae lewer, hetsy in geld of natura, wanneer die heersende markpryse die basis van hulle berekening moet wees. Onderwysers moet definitief geen finansiële belang by die koshuis hê nie; hulle ly tans op verskeie plekke verliese as gevolg van die neiging om getalle, en gevolglik die graad van die pos, met die daaraan verbonde salaris, te behou. As onderwysers egter verantwoordelik is vir die boekhouding, moet dit gereeld geouditeer word en redes moet vir tekorte aangetoon word.

Verder word aanbeveel dat stadsrade, dorpsbesture, kerkgenootskappe of ander wetlik-erkende lig-

game beheer van koshuise in hulle magsgebiede aanvaar. Waar hulle wel aanbied om oor te neem of om op te rig, kan gevalle soos Heidelberg, Ermelo en Louis Trichardt as voorbeelde van suksesvolle bestuur aan hulle voorgehou word.

Op aandrang van dr. C. L. Leipoldt word daarop gewys dat kinders in koorsstreke nie ver mag loop nie; hulle moet in koshuise inwoon. Louis Trichardt kan as proefneming vir sentralisasie in daardie gebiede gebruik word en pamflette moet aan ouers gestuur word om hulle van die voortreflikheid van koshuise te oortuig. Indien moontlik moet kinders onder die ouderdom van tien jaar egter nie na koshuise gestuur word nie.

In die getuienis wat aan die kommissie voorgelê is, is verrassende voorbeelde genoem van die invloed wat die lewenswyse en maniere van die kind in die koshuis op die ouer uitgeoefen het. 'n Hoë standaard moet dus in die koshuise gehandhaaf word, want dit het 'n groot kulturele waarde vir die bevolking. Ouers moet dan ook toegelaat word om op onverwagte geleenthede besoek by die koshuis af te lê, en te alle tye moet toestande sodanig wees dat hulle vertroue nie geskaad sal word nie. 'n Verdere interessante aanbeveling van die kommissie is dat vroue in die toekoms behulpsaam moet wees wanneer planne van nuwe geboue opgetrek word, aangesien daar in die verlede soms dwase foute begaan is as hierdie taak alleen aan mans opgedra is.

Die Departement moet daarna streef om aan die plattelandse kind net so 'n goeie opvoeding te gee as aan die dorpskind. Afstande is egter 'n faktor waarmee rekening gehou moet word en daarom moet op

skoolplig buite die drie-myl-grens alleen aangedring word as die ouer dit sonder ondersteuning kan bekostig of met regeringshulp die geleentheid daartoe gebied word. Op daardie stadium was daar egter nog ongeveer 4500 kinders van skoolgaande ouderdom wat nie 'n skool besoek het nie. Rondtrekkery van veeboere na die laeveld gedurende die wintermaande was grootliks hiervoor verantwoordelik. Sentrale koshuise kan meehelp om hierdie wanpraktyk, naamlik dat leerlinge vir ongeveer ses maande deur hulle ouers, wat trekboere is, uit die skool geneem word, uit die weg te ruim. In die geval van leerlinge wat verder as drie myl van die skool af woon, moet die onderste grens van skoolpligtigheid dan tien jaar wees, want dit is nie wenslik dat kinders op so 'n vroeë leeftyd in koshuise opgeneem sal word nie.

8. Regulasies vir hoërskoolkoshuise.[1)]

Nadat die inspekteurs van onderwys reeds vir etlike jare daarop aangedring het dat die wyse waarop koshuise bestuur moet word, meer volledige omskrywing van owerheidsweë vereis, is in 1919 daartoe oorgegaan. Die Departement was egter nie in die posisie om spesifieke reëls neer te lê vir inrigtings waarby hulle nie bereid was om finansiële verpligtinge te aanvaar nie, en gevolglik was hierdie regulasies slegs van toepassing op goewermentskoshuise. Die samestelling van hierdie regulasies getuig van 'n grondige kennis van koshuissake en het die grondslag gevorm waarop die latere uitgebreide reëls en regulasies van provinsiale koshuise gebaseer is.

In die inleidende hoofstuk word bepaal dat die koshuise deur die owerheid voorsien moet word, en

1) „Instructions for the Conduct and Administration of Government-provided boarding houses in connection with High schools and Normal Colleges, 1919."

ontwerp moet word volgens standaard-planne vir seuns en dogters. Voor die oprigting van die geboue word skooloutoriteite eers geraadpleeg, maar nadat alles goedgekeur is, moet elke kamer gebruik word vir die spesifieke doel soos in die voorskrifte bepaal is. Volledige aanvangsuitrusting word verskaf volgens min of meer vasgestelde standaard vereistes, maar alle vervangings sal uit die koshuisfondse gedra moet word. Dit word nie as goewermentslosieshuise bestuur nie, maar deur die hoof en lede van die personeel tot die uitsluitlike voordeel van die leerlinge wat daar gehuisves word.

Onder die volgende subhoofde word al die verskillende vertakkings van die administrasie dan meer volledig omskryf:

a. <u>Aanstelling en afdanking van huisvader en ander personeellede</u>.

(i) Aanstelling geskied deur die Departement op aanbeveling van die skoolhoof.

(ii) Die huisvader moet 'n senior onderwyser wees van die skoolpersoneel.

(iii) Voordat 'n huisvader deur die Departement afgedank word, moet daar deur die skoolhoof goeie redes vir so 'n stap ingedien word. 'n Kwartaal kennisgewing is nodig in dié geval.

(iv) Ander personeellede mag in die koshuis inwoon as die hoof reken dat dit in die voordeel van die kosgangers strek en hulle moet ook by afdanking 'n kwartaal kennisgewing ontvang.

b. <u>Interne Administrasie</u>.

(i) Reëls wat betrekking het op die onderlinge verhouding tussen huisvader, personeellede en kosgangers word deur die hoof opgestel, waarna die huisvader

alle verantwoordelikheid aanvaar insake administrasie en dissipline.

(ii) Daar behoort ongeveer 42 kosgangers per „huis" te wees met twee prefekte en twee subprefekte aan wie sekere pligte opgedra word.

(iii) Die pligte van diensdoende personeel sluit onder meer algemene toesig in oor die gedrag, werk en ontspanning van kosgangers, toesig by studie, maaltye en in slaapsale, diensbeurte vir kerkbywoning en kontrolering van sakgeld.

c. Algemene beginsels by die opstelling van huishoudelike reëls.

(i) Daar moet bepaal word waar kosgangers mag gaan, met of sonder verlof.

(ii) Verlof moet nie te geredelik toegestaan word nie: na vriende alleen en dan wel met skriftelike uitnodiging en vir naweke hoogstens een keer per kwartaal.

(iii) Sondagoggende sal daar verpligte kerkbywoning wees.

(iv) Deelname aan spele sal verpligtend wees; uitsonderings sal alleen gemaak word as 'n mediese sertifikaat vir vrystelling hiervan getoon word.

(v) Daar moet 'n eenvormige kleredrag vasgestel word, veral vir Sondae.

(vi) Aan prefekte mag sekere magte en voorregte toegeken word.

d. Inspeksies en toesig.

(i) Gereelde inspeksies sal gehou word deur die skoolhoof of enige amptenaar wat deur die Departement benoem is.

(ii) Die Beherende Raad sal alleen adviserende magte besit insake geboue en die algemene welvaart

van die kosgangers, maar sal geen seggenskap oor die interne administrasie hê nie.

e. Mediese dienste.

(i) 'n Deel van die koshuisfonds moet opsy gesit word vir kleinere uitgawes aan medisyne.

(ii) 'n Mediese beampte sal benoem word wat alle leerlinge by toetreding sal ondersoek en daarna op die huisvader se versoek met siekte.

(iii) Indien moontlik moet daar 'n sentrale sanatorium wees waar siek leerlinge van al die huise deur 'n opgeleide verpleegster, onder toesig van die mediese beampte, verpleeg sal word. (Op hierdie stadium - net na die groot griepepidemie was daar nog net by die King Edwardskool 'n sanatorium waar afsondering van aansteeklike gevalle moontlik was.[1])

f. Losiesgeld.

(i) Dit word vasgestel deur die hoof met die goedkeuring van die Departement en is vooruitbetaalbaar. Vyf persent afslag word toegestaan indien meer as een lid van 'n gesin as kosganger ingeskryf is.

(ii) Grotere doktersuitgawes - operasies en hospitaalkoste - word nie by die gewone losiesgeld ingesluit nie.

(iii) Intreegeld van een pond per kosganger is betaalbaar.

(iv) Musiekgeld is 'n addisionele uitgawe. Die hoof sal een of meer musiekonderwysers(esse), na gelang van die behoeftes, vir die doel aanstel.

(v) In geval van siekte, en gevolglike afwesigheid van die koshuis, sal 'n pro rata korting toegestaan word, maar dit sal nie meer as een pond per week oorskry nie.

---

1) Dir. Verslag 1919, 69.

(vi) Personeellede betaal geen losies gedurende die kwartaal nie, maar wel vir vakansies en wel teen 'n tarief van ses pond per maand, terwyl die losiesgeld vir hulle vrouens vier pond per maand is, vir kinders van 2 tot 12 jaar, twee pond tien sjielings, van 13 tot 17 jaar, drie pond en daarbo vier pond per maand.

(vii) Die lewensstandaard vir inwonende personeellede sal ongeveer dieselfde wees as wanneer hulle nie ingewoon het nie.

(viii) Vir privaat bediendes moet 'n fooi van een pond per maand betaal word.

g. Finansieel.

(i) Die huisvader is verantwoordelik vir die indiensneming van die huishoudelike personeel en die byhou van alle state.

(ii) Een keer per jaar sal die boeke deur 'n departementele amptenaar geouditeer word en hy sal uit die koshuisfonds vergoed word.

(iii) Daar moet 'n aparte koshuisbankrekening aangehou word.

(iv) Die volgende boeke moet aangehou word: 'n Analiese-kasboek, kleinkasboek, ontvangsbewyste, leerlingregister waarin die losiesgeld aangetoon word, tjekboek en 'n bank-depositoboek.

(v) Maandelikse loonstate vir blankes en naturelle bediendes moet apart uitgemaak word.

(vi) Die boeke moet kwartaalliks afgesluit en met die bank versoen word. Tekorte moet deur die hoof aan die Departement gerapporteer word; daar sal dan besluit word of die koshuis se voortbestaan geregverdig is.

(vii) Daar sal wetlike prosedure ingestel word

om agterstallige skuld in te vorder.

(viii) Elke huis sal sy afsonderlike boekhouding hê. Waar die groentetuin 'n normale deel van die koshuisuitgawes is, moet die uitlê van gronde en aanplanting van struike en bome egter aan die provinsiale sekretaris deur middel van die beherende raad voorgelê word.

(ix) Ses persent van die losiesgeld moet opsy gesit word vir die Vervangings- en een persent vir Reserwefonds. Wanneer hierdie reëling nie moontlik is nie, kan toestemming verkry word om dit vir 'n kwartaal of so op te skort.

(x) As daar 'n balans van honderd pond of meer in die bank is, moet dit na 'n spaarrekening oorgedra word.

9. Wysigings van die regulasies i.v.m. subsidies vir meubels en uitrusting.

Nadat die oorspronklike regulasies in werking gestel is,[1] het dit gou duidelik geword dat sekere wysigings en aanvullende bepalings nodig was. In 1915[2] word daaraan toegevoeg dat 'n ekstra subsidie toegestaan sal word as daar vir bykomende leerlinge akkommodasie beskikbaar gestel word, maar dan moet die uitrusting deur die Direkteur goedgekeur word en dit sal die eiendom van die Departement bly.

Aansienlike wysiginge is in 1919 [3] gemaak toe daar bepaal is dat geen leerling toegelaat mag word voordat die nodige meubels en uitrusting voorsien is nie. Ook moet die gebou waarin die leerlinge gehuisves word, goedgekeur word. (Hier kry ons die oorsprong van die ‚Goedgekeurde Koshuis.') Openbare tenders vir die lewering van uitrusting sal aangevra

1) Adm. Ken. No. 470 van 1913.
2) Adm. Ken. No. 251 en 434 van 1915.
3) Adm. Ken. No. 300 van 1919.

word en 75 persent van die koste sal, na goedkeuring, deur die Administrasie gedra word. Wanneer addisionele uitrusting benodig word, sal dit op die pond vir pond-basis toegestaan word met die voorbehoud dat doelmatige plaasruimte beskikbaar is, 'n behoorlike inventaris van alle uitrusting moet gehou word, en dat die Departement jaarliks van 'n opgawe voorsien word.

Sommige komitees het dit egter onmoontlik gevind om onder dié omstandighede die nodige uitrusting te bekom. Verdere toegewings was nodig, en hulle is dan ook in 1921[1] gemaak, toe bepaal is dat wanneer die ouers of komitees nie in staat is om op die pond vir pond-basis by te dra nie, 'n volle of gedeeltelike toelae vir die aankoop van meubels en uitrusting deur die Administrasie toegeken kan word. Op dieselfde wyse, kon toelaes verkry word vir vervangings. Wanneer die komitee aansoek doen om hierdie addisionele tegemoetkoming, moes 'n tjek vir die bedrag wat hulle verskuldig is, ingesluit word, vergesel van 'n verklaring dat dit die maksimum bedrag is wat hulle vir die doel beskikbaar het.

Selfs klein bedrae is aanvaar as die Departement oortuig was van die eerlike bedoelings en behoeftigheid van 'n komitee. So is daar eenkeer slegs £60 aanvaar as die komitee se bydrae in 'n aansoek om uitrusting van ongeveer £1100.[2]

Gedurende die tydperk 1910 tot 1923 is daar jaarliks groot bedrae aan beursgelde uitbetaal om studente, wat vir die onderwysprofessie opgelei is, tegemoet te kom, sowel as aan laer- en hoërskoolleerlinge.[3] Tabel 111 (volgende bladsy) toon die totale inskrywing en beursgelde vir die jare 1910 tot 1923.

1) Adm. Ken. No. 454 van 1921.
2) Persoonlike ervaring te Sheepmoorkoshuis.
3) Dir. Verslae vir genoemde jare.

TABEL 111.

Totale inskrywing en beursgeld en gemiddelde bedrae wat uibetaal is uit die beursgeld aan die verskillende groepe: 1910 - 1923

| Jaar. | Normaalkolleges. | | | Middelbare Onderwys. | | | Laerskole. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Gemiddeld per student. | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Per leerling. | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Per leerling. |
| 1910 | 290 | £11440 | £39- 9- 0 | 1333 | £7765 | £5-16- 6 | 47986 | £21332 | 8s.10d. |
| 1911 | 295 | 6919 | 23- 9- 1 | 1403 | 8230 | 5-17- 4 | 52107 | 16712 | 6s. 5d. |
| 1912 | 220 | 6384 | 29- 0- 9 | 1508 | 7353 | 4-17- 8 | 54513 | 16470 | 6s. 1d. |
| 1913 | 265 | 6194 | 23- 7- 8 | 2567 | 6773 | 2-12- 0 | 57915 | 17853 | 6s. 2d. |
| 1914 | 266 | 5955 | 22- 7- 9 | 2664 | 6824 | 2-11- 3 | 63873 | 17489 | 5s. 6d. |
| 1915 | 255 | 9276 | 36- 7- 6 | 2740 | 3189 | 1- 3- 3 | 62353 | 11739 | 3s. 9d. |
| 1916 | 327 | 7618 | 23- 5-10 | 3519 | 3495 | 19-10 | 79524 | 14380 | 3s. 8d. |
| 1917 | 398 | 7783 | 19-11- 1 | 3763 | 3429 | 19- 6 | 83279 | 14434 | 3s. 6d. |
| 1918 | 376 | 8863 | 23-11- 5 | 4283 | 5162 | 1- 4- 1 | 88619 | 16460 | 3s. 9d. |
| 1919 | 270 | 13311 | 49- 6- 0 | 4854 | 7241 | 1- 9-10 | 95880 | 17642 | 3s. 8d. |
| 1920 | 255 | 14461 | 56-14- 2 | 5566 | 19158 | 3- 8-10 | 101027 | 24439 | 4s.10d. |
| 1921 | 284 | 18564 | 65- 7- 4 | 7195 | 18556 | 2-11- 7 | 105870 | 32032 | 6s. 1d. |
| 1922 | 459 | 27585 | 60-15- 9 | 8764 | 47149 | 5- 7- 7 | 106834 | 36227 | 6s. 9d. |
| 1923 | 586 | 27905 | 47- 1- 5 | 10325 | 55727 | 5- 7-11 | 107043 | 36461 | 6s.10d. |

10. Samevatting.

In die Onderwyswet van 1907 is aan die bevolking van Transvaal die versekering gegee dat godsdiens in die skole sy regmatige plek sal beklee en dat die Hollandse taal (later Afrikaans) gelykgeregtige behandeling sou geniet. Gevolglik het die C.N.O.-skole opgehou om te bestaan en kon die Onderwysdepartement oorgaan tot die vasstelling van regulasies waarvolgens alle onderwysinrigtings in die provinsie bestuur kon word. In die wet self (Artikel 5) word die moontlikheid van twee soorte koshuise in die vooruitsig gestel en word aan die Minister (later die Administrateur) die mag verleen om regulasies op te stel waarvolgens die inrigtings opgerig en beheer sou word en losies- of vervoerbeurse toegeken word aan leerlinge wat verder as drie myl van die naaste skool af woon.

Direkteur J. E. Adamson se grootste ideaal as onderwyshoof van Transvaal was om die klein skooltjie uit te wis ten gunste van groter skole waar meer doelmatige onderwys gegee kon word. Die skoolrade het hom hierin ondersteun en vir jare is die beleid van sentralisasie doelbewus gepropageer, dog in alle distrikte nie met dieselfde mate van sukses nie. Met so 'n beleid moes die aantal koshuise noodgedwonge in omvang toeneem, en namate die stelsel ontwikkel het, is aanvullende regulasies opgestel om in die behoeftes van bepaalde inrigtings te voorsien.

Waar volle verantwoordelikheid deur die staat gedra is in die geval van sekere hoërskoolkoshuise is deur regulasie volledig uiteengesit hoedanig so 'n inrigting bestuur sou word, finansieel en huishoudelik. Met kleinere wysigings is die meeste van hierdie bepalings later van toepassing gemaak op pro-

vinsiale koshuise, wat in hoofstuk V breedvoerig bespreek word.

Op verskeie plekke in Transvaal het die kerk die inisiatief geneem by die oprigting en instandhouding van kosinrigtings. Daar word dan ook met die grootste lof melding gemaak van die voortreflike dienste wat hier gelewer is in belang van die opvoeding. Minder gunstig is die kritiek wat gelewer word oor die pogings van verskeie plaaslike komitees. Gebrek aan die nodige fondse en kennis van koshuisbestuur was waarskynlik die oorsake van minder gunstige omstandighede wat hier aangetref is. Verdere toegewings in die vorm van subsidies vir die aankoop van meubels was dan ook nodig. Dit skyn egter of baie komitees nooit bewus was van die bestaan van hierdie toegewings nie, want die karigste uitrusting is nog dikwels aangetref.

Die Onderwyskommissie van 1920 het ook van koshuisaangeleenthede 'n deeglike studie gemaak. Dit is vir ons 'n bewys dat die koshuis al 'n belangrike rol begin speel het in die Transvaalse skoolstelsel. Ongelukkig is daar nie voldoende ag geslaan op hulle aanbevelings nie. Die vinger is op die kernprobleme gelê, maar wetgewing om gebreke uit te skakel, het agterweë gebly. As ons in aanmerking neem dat daar in 1922 byvoorbeeld £36,227 aan beurse aan laerskoolleerlinge deur die Administrasie uitbetaal is en geen provinsiale ouditeur ooit insae in die boeke van koshuise wat deur plaaslike liggame of komitees bestuur is, gehad het om vas te stel op welke wyse die geld bestee is nie, besef ons dat daar nog heelwat ruimte vir verbetering in die stelsel was.

oOo